Woordsoort 1

Die selfstandige naamwoord (s.nw)

SOORTNAAM

Die lidwoorde *'n* of *die* kan voor hierdie woorde geplaas word. Dié woorde kan ook meervouds- en verkleiningsvorme aanneem.

Bv. skoen(e), masker(s), deur(e), boekrak(ke), motor(s)

EIENAAM

Hierdie woorde/name word met 'n hoofletter geskryf.

Bv. Pretoria, Suid-Afrika, Rapport, Thando

VERSAMELNAAM

'n Groep soortname.

Bv. 'n TROP skape/bokke
'n SKARE mense
'n SKOOL visse
'n SNOER pêrels
'n BUNDEL gedigte

MAATNAAM

Beskryf 'n afgemete deel van 'n massanaam.

Bv. kilogram, meter, liter,
MAAR OOK:
'n KOPPIE suiker
'n EMMER water

ABSTRAKTE S.NW

Ontasbare dinge wat met emosie gepaard gaan:

Bv. liefde, respek, jaloesie, haat, hartseer, spyt

MASSANAAM (ook STOFNAAM)

Hierdie woorde het nie meervoude nie en kan ook nie getel word nie.

Bv. goud, water, koring, platinum, sand